www.kinderwerf.co.za

JUNIE/ JULIE

PRETPAK

TEMA: WINTER

Kopiereg Kinderwerf 2007

VIR JOU KLEINDING

‘n Winter gedig

Die bome is sonder blare
en die gras is nie meer groen.
Die winter is hier,
en dis ons koue seisoen.

Partykeer loer die son
oor die wolke,
dan kan ons lekker
in die sonnetjie bak,
voor dit weer agter die wolke insak.

Ons slaap lekker knus,
dra serpies en ‘n mus.
Die winter is hier en dit
bring sy eie plesier!

AKTIWITEITE

Maak julle eie winter-toneel

Kies ‘n dag wat die son skyn en gaan stap saam met jou kind. Tel baie klein takkies op en pluk ook ‘n sakkie-vol gras. Kyk na die verskillende bome en wys haar dat party bome se blare afval en ander hulle behou. Verduidelik aan haar dat die bome wat hulle blare hou, immergroen is.
Wanneer julle by die huis is, kan julle op ‘n groot stuk karton die takkies gebruik om winter-boompies te maak. Plak hulle op die karton, plak die grassies rondom, en vra jou kleinding om die res van die toneel in te teken. Jou kind kan vir party boompies blaartjies inteken, aangesien sy nou geleer het van immergroen bome. Jy kan ook aan haar verduidelik dat dit op party plekke in die wêreld sneeu, wanneer dit winter is. Indien sy lus is om sneeu te maak kan julle watte op die prentjie plak om sneeu te maak. Onthou om haar ons winter gedig te leer, terwyl julle werk!
(Ons gaan elke seisoen soortgelyke aktiwiteite gee. Bêre dus die prentjie en gediggie, tot julle dan al die seisoene se aktiwiteite gedoen het. Dan kan julle ‘n seisoen boekie maak.)

Vertoonkaart

Druk hierdie bladsy uit en knip uit om die raampie. Ons gee elke seisoen vir jou ‘n vertoonkaart. Hierdie is julle Winter vertoonkaart. Lamineer vir langdurige gebruik.

VORMPRET



Druk hierdie bladsy uit. Doen die volgende aktiwiteite:

1) Kleur al die sirkels in die prentjie groen in.
2) Hoeveel sirkels is daar?
3) Kan jy 'n prentjie teken met 'n sirkel in?
4) Kleur al die vierkante swart in.
5) Hoeveel vierkante is daar?
6) Kan jy 'n prentjie teken met 'n vierkant in?
7) Sien jy dalk 'n ovaal op die prentjie?
8) Kleur al die reghoeke geel in.
9) Hoeveel reghoeke is daar?
10) Kan jy 'n prentjie teken met 'n reghoek in?
11) Kry 'n maat en beskryf die prentjie vir hom of haar. Hulle moet dit teken sonder om na die prentjie kyk. Jy moet dit aan hulle verduidelik!

kinderwerf
www.kinderwerf.co.za

VIR JOU

WENKE

MAAK 'N KIND VOL SELFVERTROUE GROOT!

Hier is 8 maniere om jou te help om 'n kind propvol selfvertroue groot te maak:

1. **Gee oplossings**

Help jou kind om oplossings vir sy of haar probleme uit te dink. Byvoorbeeld as sy/hy sukkel met 'n boelie by die skool, leer hom/haar om selfgeldend te wees, of as sy/hy sukkel op skool en bekommerd is daaroor, reël vir ekstra klasse.

2. **Werk aan jou eie selfvertroue**

Kinders leer deur voorbeelde, as jy jouself gedurig voor jou kind afkraak, gaan hy/sy leer om dit ook te doen.

3. **Toon empatie**

Wys vir jou kind dat jy verstaan waardeur hy/sy gaan en dat dit normaal is om te voel soos wat sy/hy voel. Moedig jou kind aan om oor enige iets met jou te praat.

4. **Koester jou kind**

Moenie gedruk voel om jou kind na onafhanklikheid te dwing nie. Studies het getoon dat hoe meer kinders gekoester word, hoe meer selfvertroue het hulle.

5. **Respekteer jou kind**

'n Kind se ouers lewer 'n groot bydra tot hoe 'n kind hom of haarself sien. Weet jou kind dat sy/haar opinies vir jou belangrik is? Laat jy hom/haar voel dat hy/sy pret is om saam mee te wees? Laat jou kind altyd weet hoe bly jy is dat hy/sy daar is.

6. **Gesinstyd**

Spandeer soveel moontlik tyd as gesin saam: speel speletjies, maak saam kos en gaan op uitstappies. Hierdie tyd wat julle as gesin saam spandeer is wonderlik vir jou verhouding met jou kind en help hom/haar weer om selfvertroue op te bou.

7. **Fokus op alle aspekte van jou kind**

Moenie net vashaak op die goed wat jou kind mee sukkel nie (alhoewel julle daaraan moet werk). Dit is egter baie opbouend vir sy/haar selfvertroue indien julle op dinge wat jou kind goed kan doen ook fokus.

8. **GENIET JOU KIND!**

ADVERTENSIE BLAD

Kontak ons indien jy in ons volgende twee maandelikse pretpak wil adverteer.
mail@kinderwerf.co.za